**Ontleding van Suid-Afrikase se ingewikkelde sporterfenis**

*Dit is 'n feit dat Suid-Afrika se erfenis, insluitende sy sporterfenis, kompleks is en 'n geskiedenis weerspieël wat gekenmerk word deur triomf én stryd.* ***Prof Wim de Villiers**** *het vanjaar op Erfenisdag besin oor die diepgaande invloed van sport om sosiale samehorigheid te bevorder en hoop vir die land se toekoms te vestig.*

Wat presies is Suid-Afrikaanse kultuur en erfenis? Die definisie is moeilik om vas te pen. Volgens 'n amptelike regeringsverklaring sluit "aspekte van lewende erfenis die volgende in: kulturele tradisie, mondelinge geskiedenis, uitvoering, ritueel, populêre geheue, vaardighede en tegnieke, inheemse kennisstelsel en die holistiese benadering tot die natuur, samelewing en sosiale verhoudings". Dit sê ook dat "die term 'ontasbare kulturele erfenis' in Suid-Afrika as wisselvorm vir die term 'lewende erfenis' gebruik word".

Ek wil aanvoer dat sport deel is van daardie lewende erfenis. Die verenigende krag gaan grense te bowe en bring ons uiteenlopende volk bymekaar, miskien selfs nog meer as die aloue tradisie van braai. Die Rugbywêreldbekertoernooi wat tans gespeel word en die komende Krieketwêreldbeker is duidelike voorbeeld van die merkwaardige krag van sport om optimisme aan te wakker en sosiale eenheid te kweek. Wyle Nelson Mandela het in 2000 by die Laureus-sporttoekennings die volgende gesê: "Sport het die mag om die wêreld te verander. Dit het die krag om te inspireer. Dit het die mag om mense op 'n manier te verenig soos min ander goed kan … Sport kan hoop skep waar daar voorheen net wanhoop was."

Hoewel daar dalk nie 'n presiese wetenskaplike maatstaf is om hierdie verskynsel te meet nie, is daar 'n onmiskenbare verskuiwing in die nasionale bui wanneer ons spanne en sportsterre op die wêreldverhoog skitter. Dit is tasbaar en dit vind diep aanklank by Suid-Afrikaners op alle vlakke van die samelewing.

Regdeur ons onlangse geskiedenis het ons herhaaldelik hierdie transformasie aanskou. Wie kan die ikoniese oomblik vergeet toe Joel Stransky se skepskop in 1995 die Bokke se oorwinning in die Rugbywêreldbekereindstryd teen die gedugte All Blacks verseker het? Daardie besonderse oomblik het ons hoendervleis gegee; dit het Hollywood-flieks soos Invictus geïnspireer en 'n hernude gevoel van hoop vir Suid-Afrika se toekoms ontsluit.

In 1996 was dit Bafana Bafana se triomf in die Afrika-nasiesbeker wat die land met trots gevul het en ons potensiaal op die wêreldverhoog ten toon gestel het. Suid-Afrika se Olimpiese sterre het ons deur die jare deurgaans geïnspireer en die grootheid in ons land bewys. Daaropvolgende oorwinnings in die Rugbywêreldbekertoernooi het ook die nasionale stemming verhoog.

Ek het as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) eerstehands gesien hoe die sukses van ons universiteitspanne, soos by Universiteitsport van Suid-Afrika (USSA) se kampioenskappe in Julie, of toe ons Vrouerugbyspan vanjaar die Varsitybeker verower het, die atmosfeer op kampus kan verander. Die gewone kampuslewe maak plek vir jubelende vierings.

Ons moet egter eerlik wees oor die feit dat hierdie vroeë oorwinnings op die wêreldverhoog terwyl Suid-Afrika nog in sy kinderskoene as demokrasie was, ons moontlik met 'n ietwat misleide gevoel van hoop vir postapartheid-Suid-Afrika gevul het. Hoewel dit goed bedoel was, het hierdie optimisme moontlik die geleefde ervarings van baie Suid-Afrikaners in die skadu gestel. Die nalatenskap van apartheid het 'n blywende merk gelaat wat die wegspringplek vir die meeste landsburgers verder teruggeskuif en ongelykhede in toegang en geleenthede geskep het wat vandag nog voortduur.

Toegang tot sekere sporte en sportgeriewe is steeds ongelyk en dit is uiters belangrik dat hierdie ongelykhede aangespreek is ten einde om gelykheid asook geslagsgelykheid in sport te bevorder. Vroue in sport het steeds billike geleenthede en hulpbronne nodig om hulle op gelyke voet met hulle manlike eweknieë te plaas …

Hierdie historiese konteks het ’n agterstand in die ontwikkeling van sportgeleenthede vir Suid-Afrikaners van kleur geskep. Dit is nou absoluut noodsaaklik dat ons geleenthede skep en talentvolle individue met die nodige instrumente toerus wat hulle nodig het om uit te blink en die transformatiewe krag van sport te beleef.

Vir baie mense het sukses in die sportwêreld ’n baken van hoop geword wanneer nasionale en internasionale nuusopskrifte donker word. Hoewel sport nie al ons probleme eiehandig kan oplos nie, bied dit aansienlike sosiale en ekonomiese voordele, om nie eens van die beduidende verbetering in fisieke welstand te praat nie.

Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur: Maties Sport, beklemtoon die belangrikheid van gemeenskapsbetrokkenheid: “As Maties Sport dien ons ons omliggende gemeenskappe deur geleenthede te bied om aan sport deel te neem en meer te wete te kom oor die voordele van fisieke en ontspanningsaktiwiteite.”

Om hierdie verbintenis tot gemeenskapsbetrokkenheid te illustreer, het die US ’n program in Bishop Lavis in Kaapstad van stapel gestuur wat sokker as ’n kragtige instrument vir laerskoolleerder gebruik. Deur hierdie inisiatief leer hierdie jong leerders nie net sokkervaardighede nie, maar ook noodsaaklike lewensvaardighede soos veerkragtigheid, vasberadenheid, moed en selfvertroue. Daarbenewens word hulle bekendgestel aan aanpasbare sportsoorte soos doelbal, wat spesifiek vir atlete met gesiggestremdhede ontwerp is, en rolstoelbasketbal. Op hierdie manier open ons ook deure vir studente-atlete met gestremdhede.

Hierdie inisiatiewe strek verder as die bevordering van fisieke gesondheid; hulle koester inklusiwiteit en eenheid onder ons diverse bevolking. Dit dien as ’n bewys van die transformerende potensiaal van sport om skeidsmure af te breek en sosiale samehorigheid te kweek.

Ek verwag dat sommige mense skepties kan wees, maar ek glo vas in die krag van sport en die potensiële invloed daarvan. Veral universiteite kan ’n belangrike rol speel om sportontwikkeling te bevorder. Die invloed van sport vir individue en die samelewing as geheel is veels te diepgaande om oor die hoof te sien.

As Suid-Afrikaners verstaan ons dat ons reis na eenheid en gelykheid ’n deurlopende proses is. Kom ons vier hierdie Erfenisdag die onmiskenbare invloed van sport om ons kollektiewe identiteit te vorm en ons na ’n meer harmonieuse en voorspoediger toekoms aan te dryf. Die sportsarena bied aan ons ’n bron van hoop wat verder strek as die grense van ras, agtergrond en omstandighede en ons in ’n gedeelde visie van beter ’n toekoms verenig.

En ten slotte, komaan Bokke!

***Professor Wim de Villiers is die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch.***